



PRIVAATSKOOL MORIA

Tel : (00264) -67 313 051 Faks : 067 313 023

Posbus 408, Outjo, Namibië, 9000 Web : www.privaatskool-moria.com

@ E-pos : admin@psmoria.com



15 April 2020

OMSENBRIEF NR. 4

Geagte ouers

AKADEMIE:

Soos almal seker nou weet is ons land se “lock down”-periode verleng tot 4 Mei 2020 en Privaatskool Moria begin Maandag, 20 April met afstandsonderrig. Die nuwe term wat in die onderwys ontstaan het is “EMERGENCY DISTANCE LEARNING”. Net soos `n menigte ander skole moes ons onderwysers ook nou van tradisionele klasonderwys aanpas om afstandsonderrig te gee. Ek wil u verseker dat hierdie vir ons onderwysers `n groot “kopskuif” was en baie ure se herbeplanning en lesse uitwerk op `n ander manier. Ons besef dat hierdie vir u as ouer ook nou `n groot “kopskuif” is en ons wil u bedank vir u insette en hulp vir die tyd wat nou kom.

Ons het reeds vir u in die vorige briewe deurgegee wat ons beplanning is. Die laerskool-leerlinge se ouers het ook `n skrywe ontvang as voorbereiding vir julle betrokkenheid in die proses, want ons besef dat baie leerlinge nog nie rekenaarvaardig is nie en dat baie nie selfone het nie. By die hoërskool word inligting direk vir die kinders gestuur op klasgroepe. Die hoërskool gaan “Microsoft teams” en “Whats App” gebruik, as medium, daarom moet ouers asseblief seker maak dat u kind toegang gaan hê tot `n rekenaar of slimfoon met “Microsoft Teams”. Maak seker dat u kind toegang tot internet het. Al die skool se kinders is reeds geregistreer op die skool se “Teams”-program en meeste van hulle is reeds aktief op die program. Daar is wel kinders wat geen samewerking gee op klasgroepe en op “Teams”-groepe nie, daarom vra ons asseblief vir ouers om u kind te motiveer om alles reg te kry vir die komende week. Ons kan nie eers Maandag sukkel met kinders wat nog nie gereed is nie.

Ons verwag dat daar veral die eerste week haakplekke sal wees, maar ons moet hande vat en die probleme oplos en in `n roetine kom. Daarvoor gaan ons almal rustig moet wees en mekaar ondersteun. As u as ouer of u kind nie weet wat om te doen nie, kontak die onderwyser vir hulp. Werk sal voor die tyd uitgestuur word en onderwysers gaan werk uitstuur wat gedurende die volgende week gedoen moet word.

Belangrike punt vir u:

- Dit is belangrik dat u kind op `n studieprogram moet werk m.a.w. `n rooster met elke dag se studietye EN `n beplanning vir elke vak (watter werk of vak word op die dag hanteer). Hoërskool leerlinge moet met `n dagboek werk dat hulle kan kop hou met al die sperdatums, wanneer werk afgehandel moet wees.
- Lewendige kontaksessies is `n frustrasie met ons internet, daar gaan baie skriftelike werk, “powerpoints” en video’s gestuur word, daarom is dit belangrik dat hierdie inligting afgelaai word, dan kan u kind oor en oor daarna kan kyk.
- Ons verwag dat die land se internet Maandag `n groot gesukkel gaan wees, want hier is `n groot groep skole wat Maandag begin met afstandsonderrig.
- Ons gaan vir u `n e-pos uitstuur om te help dat u MTC-dienslewering kan optimaliseer.

FINANSIES:

➤ Algemeen:

- Heelwat beursaansoeke is ontvang van bestaande ouers. Beursaansoeke word verwerk en die uitslag sal op 21 April 2020 bekend gemaak word. Beurse sal in werking tree in Mei-maand, soos vooraf kennis gegee.
- Soos u reeds weet, sal Moria steeds onderwys en opvoeding bied in die tydperk waarin die "Lockdown" voortgaan. Alles sal binne die vermoë van die personeel gedoen word om kwaliteit te verseker. Personeel van Moria werk dus steeds hulle volle ure en selfs langer ure om alles in plek te kry en die uitvoerbaarheid en kwaliteit van onderrig te verseker.
- Net soos meeste besighede het Privaatskool Moria egter ernstige verliese aan inkomste. Soos u weet word die gelde wat ge-in word deur projekte gebruik om die skoolfonds so laag as moontlik te hou. Die inkomste van die Wildsfees, Kultuur-en Krieketfees kan nie realiseer nie, want die projekte is weens die Covid-19 uitbraak gestaak. Planne word beraam om die inkomstes te vervang, maar die werkbaarheid van die planne is nie verseker nie.
- Alle uitgawes word gesny en geen gelde word verder bestee aan uitbreiding wat nie inkomste verseker nie.
- Salaris-inperkings vir alle personeel van Moria is reeds in werking gestel vir April. Indien die situasie nie verander nie, is Privaatskool Moria nie noodwendig vrygespreek van afleggings nie.

➤ Betaling van skoolgelde:

- Leerlinge van Privaatskool Moria was tot en met 17 April met skoolvakansie.
- Die **koshuis** het egter nie oopmaak op die 19de April, soos dit normaalweg die geval sou wees nie, daarom sal slegs 50% van die koshuisgelde gehef word vir April-maand. Hierdie terugskrywing sal gedoen word en u rekening sal gekrediteer word met die bedrag.
- **Skoolgelde** word 100% normaal gehef, omdat akademie steeds elektronies of met kontaksessies sal voortgaan. Personeel van Moria werk steeds hulle volle ure en selfs langer ure om alles in plek te kry en die uitvoerbaarheid en kwaliteit van die akademiese onderrig te verseker.
- Indien ouers 'n **buitengewone reëling** vir die betaling van skoolgelde moet tref, geld die huidige praktyk steeds om 'n onderneming van betaling met voorgenome ooreengekome datums op skrif te stel en dit met mnr. Corrie Labuschagne, direkteur van finansies, te bespreek. Indien u nie 'n skriftelike reëling in plek het nie sal u kind verwyder moet word van die groepe waarop werk met leerlinge gedeel word.
- **Gimnastiek** sal nie realiseer voor Mei-maand nie en daarom is 50 % van gimnastiekgelde ook teruggeskryf. Onthou tot en met die 20ste April was u kind met skoolvakansie en tydens skoolvakansies word gimnastiekgelde gehef. U rekening sal gekrediteer word met die bedrag terugbetaalbaar.
- Geen **kondisioneringsgelde** sal verder gehef word nie.
- Die situasie sal voortdurend herevalueer word.

Ons wil van die bestuur se kant af die volgende mense bedank:

- Elke ouer vir julle lojaliteit en ondersteuning en hulp met ons kinders se onderrig en opvoeding.
- Kinders vir julle positiewe houding wat ons reeds by baie kinders bespeur, ons hoop dat die res gaan volg.
- Onderwysers vir julle ure van harde werk wat julle gedurende die afgelope vakansietyd ingesit het om alles van voor af uit te werk en te herbeplan.
- Ons administratiewe en ondersteunende personeel by die skool en koshuis, wat maar nog die heertyd inkom om die skool te laat aangaan en in stand te hou.
- Ons direksie vir julle onbaatsugtige diens en tyd tydens die krisissituasies met die groot verantwoordelikheid wat julle vir Privaatskool Moria dra.

Baie sterkte vir hierdie tyd wat kom en onthou, hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.

**LOUTJIE GROBLER
SKOOLHOOF**



**NEIL PRINSLOO
BEDRYFSHOOF**

